Process Safety Beacon
Boodskap aan bedryfspersoneel
www.aiche.org/ccps/process-safety-beacon

An AIChE Technology Alliance
CCPS Center for Chemical Process Safety
aiche.org/ccps

This issue sponsored by
ioMosaic®
Minimizing risk. Maximizing potential.®
www.iomosaic.com

Aankondiging: Internasionale Proses Veiligheids Week!!

November 2024

Proses-veiligheids-gemeenskappe wêreldwyd werk saam om die eerste Internasionale Proses-veiligheids-week (IPSW) aan te bied op 2-6 Desember 2024. Proses veiligheid het deurlopend nougesette aandag nodig. Die bedoeling met die IPSW is om op die aandag te fokus en ons te herinner aan historiese ernstige ongelukke en die lesse wat ons daaruit geleer het.

Die IPSW sal help om ons denke te belyn en te rig op volgehoue verbetering om die droom van ’n “Wêreld sonder proses veiligheids insidente” te verwesenlik.

Ons moedig Beacon lesers en ander aan om te registreer vir die gebeurtenis. Dis gratis maar jy moet registreer. Die QR kode hieronder vat jou na die registrasie bladsy. Dis ’n geleentheid vir ons almal om te leer uit die verlede en saam te werk tot voordeel van beter proses veiligheid. Dis ’n gemeenskaplike draad om te inspireer, te leer en te verbeter. Samewerking om gemeenskappe te beskerm teen die gevare van gevaarlike chemiese prosesse in nou meer noodsaaklik as ooit.

REGISTER HERE

Het jy geweet?

- Die CCPS en ander organisasies reël ‘n week van geleenthede om te leer tydens die Internasionale Proses Veiligheids-week IPSW 2-6 Desember 2024. Link: www.aiche.org/ccps/ipsw
- Die doel van die week is om die belangrikheid van proses veiligheid en ook wat kan gebeur as dit verkeerd loop, te onthou.
- Baie maatskappy het ernstige insidente ervaar wat hulle gedwing het om hulle bedryf en kultuur te verander. Miskien was jou maatskappy een van hulle en moes julle nuwe beleid en prosedures in plek stel om sulke insidente te verhoed.
- Proses veiligheids insident gebeur in maatskappye groot en klein, en in maatskappye wat dalk nie dink hulle is chemiese vervaardigers nie, byvoorbeeld: “Paper and pulp”
- Insident ondersoek moet fokus op die faling van sisteme wat toegelaat het dat die ongeluk gebeur. Daar is lesse te leer uit elke ongeluk en behoorlik gedokumenteerde lesse kan soortgelyke insidente voorkom.

Wat kan jy doen?

- Vra jou toesighouer watter dele van die IPSW gaan jou maatskappy bywoon. Die aanbiedings sal beskikbaar wees om later te kyk.
- Dalk was daar ’n ernstige insident by jou maatskappy Is daar mense wat dit nog onthou? Het ons die lesse geleer en toegepas om die maatskappy se bedryf en kultuur te vorm? So ’n bespreking kan dalk waarde toevoeg om te verstaan hoekom proses veiligheid belangrik is in ons daaglikse bedryf.
- ’n Internet soektog kan help om lesse te leer uit internasionale insidente. Meeste het verslae beskikbaar waaruit ons kan leer.
- Fokus jou daaglikse veiligheids boodskap op proses veiligheids insidente wat op ons aanleg of op soortgelyke aanlegte gebeur het en maak dit van toepassing op ons bedryf.

Woon die IPSC by leer hoe om proses veiligheids insidente te voorkom.

©AIChE 2024. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or +1 646-495-1371.